

Algemene vrae wat deur Suid-Afrikaners gevra word wat na Australië wil verhuis

In watter skool is die kinders?

Citipointe Christian College Brisbane The Christian Outreach College Brisbane. (CCCB)

Is dit 'n Christenskool?

CCCB is 'n Christenskool wat deel vorm van 'n makrogemeente (Citipointe Church Brisbane).

Is dit 'n privaat skool?

Ja , dit is 'n onafhanklike, Christelike privaat skool.

Wat is die skoolfooie (2012)?

Die skoolfooie wissel tussen AUD 6 105 (Prep); AUD 5 480 (Years 1-3); AUD 5 355 (Years 4-6); AUD 6 280 (Year 7); AUD 6,960 (Years 8-9); AUD 7 590 (Years 10-12) per jaar.

Deur wie word die skoolklere verskaf?

Die skooluniform word in 'n winkel op die skoolterrein verkoop. Nuwe sowel as tweedehandse klere is beskikbaar. Verlore items wat op die skoolgrond of in die skoolgeboue gevind word, word ook by die winkel gehou totdat dit deur die regmatige eienaars opgeëis word.

Wat is CCCB se dissiplinêre beleid?

CCCB se dissipline is van 'n baie hoë standaard. Die dissiplinêre beleid sluit die skool se spesifieke gedragskodes, verskeie beleidstukke wat die studente beskerm en die handhawing van 'n Christelike karakter in.

Vir watter ouderdomme en jaargroepe maak CCCB voorsiening?

CCCB maak voorsiening vir Graad 0 (Prep Jaar - 4 1/2 jaar oud) tot en met Matriek (Jaar 12).

Hoe word Afrikaans sprekende studente in die skool ondersteun?

Die ESL-program (English as a Second Language) is beskikbaar vir studente wat hulp nodig het. Die program word deur die Laer- en Hoërskool aangebied.

Is daar kerke naby die skool?

Citipointe Church Brisbane is reg langs die skool geleë. CCCB vorm deel van die kerk se bediening, maar daar is ook verskeie ander kerke in die omgewing van die skool.

Wat is die skoolure?

CCCB begin om 8:40 en sluit om 15.20.

Is daar vervoer vir die kinders na en van die skool af?

CCCB beskik oor baie busse wat 'n groot area om die skool dek. Daar is ook betroubare, publieke vervoer (busse) beskikbaar.

Watter tipe sportsoorte bied CCCB aan?

'n Baie groot verskeidenheid sportsoorte word in die Hoër- en Laerskool aangebied met verskeie kompetisies tussen CCCB en die ander Christelike- en Staatskole.

Hoeveel Suid-Afrikaanse onderwysers/personeel en kinders is daar tans by die skool?

Tans (2012) is daar ongeveer 24 oud Suid-Afrikaanse personeellede en 280 studente in CCCB. Onder die oud Suid Afrikaanse studente van CCCB was daar minstens 25 prefekte wat insluit 'n aantal skoolkaptein. Die huidige Hoofseun en Onder-Hoofmeisie is ook oud Suid-Afrikaners.

Wat is die beskikbaarheid en koste van behuising in die skool se omgewing?

CCCB is in die residensiële gebied Carindale geleë. Die skool word verder omring deur ander woongebiede, wat nuwe en ouer areas, kleinhoewes en meenthuis komplekse insluit en waarvan sommige binne loopafstand van die skool is. Huispryse wissel en is dit sou raadsaam wees om kontak te maak met 'n eiendomsagent in die omgewing.